# OFFICIAL GAZETTE
## EXTRAORDINARY
## OF SOUTH WEST AFRICA
## BUITENGEWONE
# OFFISIËLE KOERANT
## VAN SUIDWES-AFRIKA

PUBLISHED BY AUTHORITY — UITGAWE OP GESAG

**10c** Friday 30 December 1977 **WINDHOEK** Vrydag 30 Desember 1977 No. 3682


CONTENTS:

**GOVERNMENT NOTICE:**


No. 411 Price Control: Maximum Prices of Sugar.


INHOUD: *Page/Bladsy*

**GOEWERMENTSKENNISGEWING:**


No. 411 Prysbeheer: Maksimum Pryse van Suiker. 1052


## Government Notice

The following Government Notice is published for general information.

H. P. F. GOUS,
*Secretary for South West Africa.*

*Administration of South West Africa,*
*Windhoek.*

No. 411] [30 December 1977

### PRICE CONTROL

### MAXIMUM PRICES OF SUGAR

By virtue of the powers conferred on me by the Price Controller under Section 3 of the Price Control Act, 1964 (Act 25 of 1964), I, Tjaart Francois van der Walt, Deputy Price Controller, do hereby under section 4 of the said Act prescribe as follows:

1. Subject to the provisions of the First Schedule hereto, the maximum prices at which sugar specified in the Second Schedule hereto may be sold to a dealer by any person excluding a manufacturer of such sugar, shall be the prices specified in or determinable in accordance with the relevant provisions of the said Second Schedule.

2. Subject to the provisions of the First Schedule, the maximum prices at which sugar specified in the Third Schedule hereto may be sold by any person to any other person, except in the case of a sale to which the provisions of paragraph 1 are applicable, shall be the prices specified in or determinable in accordance with the relevant provisions of the said Third Schedule, provided that:

## Goewermentskennisgewing

Die volgende Goewermentskennisgewing word vir algemene inligting gepubliseer.

H. P. F. GOUS,
*Sekretaris van Suidwes-Afrika.*

*Administrasie van Suidwes-Afrika,*
*Windhoek.*

No. 411] [30 Desember 1977

### PRYSBEHEER

### MAKSIMUM PRYSE VAN SUIKER

Kragtens die bevoegdheid my deur die Pryskontroleur verleen by artikel 3 van die Wet op Prysbeheer, 1964, (Wet 25 van 1964), bepaal ek, Tjaart Francois van der Walt, Adjunk-pryskontroleur, hierby ingevolge artikel 4 van genoemde Wet soos volg:

1. Behoudens die bepalings van die Eerste Bylae hiervan, is die maksimum pryse waarteen suiker gespesifiseer in die Tweede Bylae hiervan deur enigeen uitgesonderd die fabrikant van sodanige suiker, aan 'n handelaar verkoop mag word, die pryse wat gespesifiseer word in of berekenbaar is ooreenkomstig die betrokke bepalings van genoemde Tweede Bylae.

2. Behoudens die bepalings van die Eerste Bylae, is die maksimum pryse waarteen suiker gespesifiseer in die Derde Bylae hiervan, uitgesonderd in die geval van 'n verkoop waarop die bepalings van paragraaf 1 hiervan van toepassing is, deur enigeen aan enigiemand anders verkoop mag word, die pryse wat gespesifiseer word in, of berekenbaar is ooreenkomstig die betrokke bepalings van genoemde Derde Bylae, met dien verstande dat:

(a) if a purchaser demands a quantity of sugar, whether millpacked or retail packed and such quantity has to be made up by a combinaton of packs specified in the Third Schedule, the price may not exceed the price of the most economic combination of the packs displayed or offered for sale, except in the case where the purchaser himself exercised a choice in respect of a specific combination of packs;

(b) if sugar is sold in a quantity other than that specified in the Third Schedule hereto, the price of the quantity of sugar concerned shall not exceed the sum total of the maximum prices applicable to retail packs in terms of the said Third Schedule, determinable on basis of the most economic combination of such packs; and

(c) if quantities of less than 2,5 kg, not specified in the Third Schedule are sold, the price thereof shall be calculated by using a pro rata part of the price of the next retail pack-size specified in the Third Schedule.

3. The following Government Notices are hereby withdrawn:

No. 3571 of 19 November 1976
No. 132 of 1 April 1977

DEPUTY PRICE CONTROLLER

## FIRST SCHEDULE

### DEFINITIONS AND INTERPRETATIONS

Unless otherwise stated, the following definitions and interpretations apply in the determination of maximum prices in accordance with the provisions of the Second and Third Schedules:

1. A place specifically named means the area falling under the jurisdiction of the local authority at such place and includes all places within eight kilometres of the boundary of such area.

2. (a) Distances must be calculated by taking the distance of the shortest railway route from the named railway station at the nearest port from which sugar can be obtained to the nearest railway station or siding to which it can be consigned, plus the shortest distance by road from the last-mentioned railway station or siding to the place of sale.

(b) The Official Railway Tariff Book as amended and the Book of Distances, Number 5 as amended, shall be used to determine distances and tariffs, provided that railage and cartage shall be calculated on a gross mass basis, i.e. including the container, at 101% for 25 kg pockets and 102% for other mill packs.

(a) indien 'n koper 'n hoeveelheid suiker verlang, hetsy meulverpak of kleinhandelsverpak, en sodanige hoeveelheid deur 'n kombinasie van verpakkings in die Derde Bylae gespesifiseer, opgemaak moet word, mag die prys nie hoër wees nie as die prys van die mees ekonomiese kombinasie van die verpakkings wat te koop uitgestal of aangebied word, behalwe in die geval waar die koper self 'n keuse met betrekking tot 'n bepaalde kombinasie van verpakkings uitgeoefen het;

(b) indien suiker in 'n ander hoeveelheid as dié in die Derde Bylae gespesifiseer, verkoop word, mag die prys van die betrokke hoeveelheid suiker nie hoër wees as die somtotaal van die maksimum pryse wat op kleinhandelsverpakkings ooreenkomstig die genoemde Derde Bylae van toepassing is nie, bereken op basis van die mees ekonomiese kombinasie van sodanige verpakkings; en

(c) indien hoeveelhede suiker van minder as 2,5 kg wat nie in die Derde Bylae voorgeskryf word nie verkoop word, moet die prys daarvan bereken word deur 'n pro rata gedeelte van die prys van die volgende grootte kleinhandelsverpakking wat in die Derde Bylae voorgeskryf is, te gebruik.

3. Die volgende Goewermentskennisgewings word hierby herroep:

No. 3571 van 19 November 1976.
No. 132 van 1 April 1977.

ADJUNK-PRYSKONTROLEUR

## EERSTE BYLAE

### WOORDOMSKRYWINGS EN VERTOLKINGS

Tensy anders vermeld, is die volgende omskrywings en vertolkings van toepassing by die berekening van maksimum pryse ooreenkomstig die bepalings van die Tweede en Derde Bylaes:

1. 'n Plek wat uitdruklik genoem word, is die gebied onder die regsbevoegdheid van die plaaslike bestuur op die plek en omvat alle plekke binne agt kilometer van die grens van die gebied.

2. (a) Afstande moet bereken word deur die afstand te neem van die kortste spoorwegroete vanaf die aangegewe spoorwegstasie in die naaste hawestad vanwaar suiker verkry kan word na die naaste spoorwegstasie of -sylyn waarheen dit versend kan word, plus die kortste afstand per pad van laasgenoemde spoorwegstasie of -sylyn af na die plek van verkoop.

(b) Die Offisiële Spoorwegtariefboek, soos gewysig en die Afstandboek No. 5, soos gewysig, moet gebruik word om die afstande en tariewe te bepaal, met die voorbehoud dat spoorvrag en bestelkoste op 'n bruto massabasis bereken moet word, m.a.w. insluitende die houer, teen 101% vir 25 kg sakkies en 102% vir ander meulverpakkings.

(c) Wherever in the Third Schedule provision is made for allowances in respect of road transportation costs, the distances specified are determinable by reference to the nearest railway station or siding and shall in no case exceed the distance from such railway station or siding to the place of sale.

3. (a) The expression "nearest railway station or siding" means the railway station or siding to which sugar can be consigned situated nearest to the place of sale irrespective of whether it has been consigned to such station, siding or not, but excluding Road Motor Service stations or halts.

(b) The expression "wholesale price" refers to a price determinable in accordance with the provisions of the Second Schedule, and the expression "retail price" means a price determinable in accordance with the proviions of the Third Schedule.

(c) The expressions "mill-packs" and "mill-packed sugar" mean unbroken packages as supplied by the manufacturer, and the expressions "retailers' packs," "reatail-packs" and "retail-packed" refer to packages not thus packed.

(d) The expression "other transport charges" refers to transport charges necessarily incurred by the wholesaler to transport the sugar over the shortest route from the nearest railway station or siding and may not exceed 8 cents per 25 kg for the first 16 km or part thereof and thereafter 3 cents per 25 kg for every additional 16 km or part thereof.

(e) The expression "sell" means to offer, advertise, keep, expose, transmit, convey, deliver or prepare for sale, or to exchange or to dispose of for any consideration whatever or to transmit, convey or deliver in pursuance of a sale, exchange or disposal as aforesaid, and the words "seller," "selling," "sale" and "sold" have a corresponding meaning.

(f) The expression "speciality sugars" means such sugars as cube sugar, tablet sugar, castor sugar, icing sugar, caramelised brown sugar, special soft brown sugar, superfine dessert sugar and sachets of sugar, the production of which involves processing costs other than the normal milling and refining costs and which have been approved as such by the Secretary for Industries.

4. The maximum wholesale prices speciefied in, or determinable in accordance with the provisions of the Second Schedule, relate to 25 kg units of any mill-packed sizes.

5. (a) The maximum retail prices, as specified in paragraphs 1 and 2 of the Third Schedule, shall apply at all railway stations and sidings to which sugar

(c) Waar in die Derde Bylae voorsiening gemaak word vir toelaes ten opsigte van padvervoerkoste, is die afstande wat gespesifiseer word, berekenbaar met verwysing na die naaste spoorwegstasie of -sylyn en mag in geen geval die afstand van sodanige spoorwegstasie of -sylyn af na die plek van verkoop te bowe gegaan word nie.

3. (a) Die uitdrukking "naaste spoorwegstasie of sylyn" beteken die spoorwegstasie of -sylyn naaste aan die plek van verkoop geleë, waarheen suiker versend kan word, ongeag of dit na sodanige spoorwegstasie of -sylyn versend is al dan nie, maar sluit padmotordiensstasies of -haltes uit.

(b) Die uitdrukking "groothandelprys" het betrekking op 'n prys berekenbaar ooreenkomstig die bepalings van die Tweede Bylae, en die uitdrukking "kleinhandelprys" beteken 'n prys berkenbaar ooreenkomstig die bepalings van die Derde Bylae.

(c) Die uitdrukkings "meulverpakkings" en "meulverpakte suiker" beteken onoopgemaakte verpakkings soos deur die fabrikant gelewer, en die uitdrukkings "kleinhandelaarsverpakkings," "kleinhandelsverpakkings" of "kleinhandelsverpak," verwys na verpakkings nie aldus verpak nie.

(d) Die uitdrukking "ander vervoerkoste" het betrekking op vervoerkoste wat noodsaaklikerwys deur die groothandelaar aangegaan is vir die vervoer van die suiker oor die kortste roete vanaf die naaste spoorwegstasie of -sylyn en mag nie 8 sent per 25 kg vir die eerste 16 km of deel daarvan oorskry nie, daarna nie 3 sent per 25 kg vir elke addisionele 16 km of deel daarvan, oorskry nie.

(e) Die uitdrukking "verkoop" beteken om aan te bied, adverteer, aanhou, uitstal, versend, vervoer, aflewer of vir verkoop voor te berei of om te ruil of om oor te beskik vir enige teenprestasie van watter aard ookal, vervoer, versend of aflewer in nakoming van 'n verkoping, ruil of beskikking soos voormeld en die woorde "verkoper" en "verkoping" het 'n ooreenstemmende betekenis.

(f) Die uitdrukking "spesialiteitsuiker" beteken suiker soos blokkiesuiker, tabletsuiker, strooisuiker en versiersuiker, gekarameliseerde bruinsuiker, spesiale sagte bruinsuiker, superfyn dessertsuiker en suiker in sachets, die produksie waarvan verwerkingskoste ander as die normale meul- en raffineringskoste meebring en wat as sodanig deur die Sekretaris van Nywerheidswese goedgekeur is.

4. Die maksimum groothandelpryse gespesifiseer in, of berekenbaar ooreenkomstig die bepalings van die Tweede Bylae het betrekking op 25 kg-eenhede van enige meulverpakkingsgrootte.

5. (a) Die maksimum kleinhandelpryse soos gespesifiseer in paragrawe 1 en 2 van die Derde Bylae, is van toepassing op alle spoorwegstasies en sylyne

can be consigned within the applicable rail interval and within a distance of eight km of such stations or sidings.

(b) The determination of the maximum retail prices of millpacked sugar in masses of 500 g is set out in paragraph 3 of the Third Schedule.

## SECOND SCHEDULE

## MAXIMUM WHOLESALE PRICES OF SUGAR

(Excluding speciality sugars as defined in paragraph 3(f) of the First Schedule)

1. (a) When the sale is on the basis of f.o.r. Walvis Bay, f.o.r. Lüderitz, or on the basis of ex seller's store at Lüderitz, the maximum prices for cash sales per 25 kg quantities from 31 units of 25 kg each to 249 units of 25 kg each are, irrespective of whether the units consist of any of the undermentioned packs or types of sugar or combinations thereof, as follows:

waarheen suiker versend kan word binne die betrokke spoor interval en binne 'n afstand van agt km vanaf sodanige stasies en sylyne.

(b) Die bepaling van die maksimum kleinhandelspryse van meulverpakte suiker in massas van 500 g is in paragraaf 3 van die Derde Bylae uiteengesit.

## TWEEDE BYLAE

## MAKSIMUM GROOTHANDELSPRYSE VAN SUIKER

(Uitgesonderd spesialiteitsuiker soos omskryf in paragraaf 3(f) van die Eerste Bylae)

1. (a) Wanneer die verkoop op 'n v.o.s. Walvisbaai of v.o.s. Lüderitz basis geskied, of op die basis van ex verkoper se magasyn te Lüderitz, is die maksimum pryse vir kontantverkope per 25 kg in hoeveelhede vanaf 31 eenhede van 25 kg elk tot 249 eenhede van 25 kg elk, ongeag of die eenhede uit enige van die ondergenoemde verpakkings of soorte suiker of kombinasies daarvan bestaan, soos volg:

| | 25 kg wit geraf-fineerd | 12,5 kg wit geraf-fineerd | 2,5 kg wit geraf-fineerd | 1 kg wit geraf-fineerd | 500 g wit geraf-fineerd | 25 kg bruin | 12,5 kg bruin | 1 kg bruin | 500 g bruin |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | R | R | R | R | R | R | R | R | R |
| Walvisbaai V.o.s. | 7,57 | 7,79 | 7,92 | 8,12 | 8,34 | 7,39 | 7,63 | 7,95 | 8,18 |
| Lüderitz V.o.s. | 7,57 | 7,79 | 7,92 | 8,12 | 8,34 | 7,39 | 7,63 | 7,95 | 8,18 |
| Ex magasyn | 7,66 | 7,88 | 8,01 | 8,21 | 8,43 | 7,48 | 7,72 | 8,04 | 8,27 |

| | 25 kg White Refined | 12,5 kg White Refined | 2,5 kg White Refined | 1 kg White Refined | 500 g White Refined | 25 kg Brown | 12,5 kg Brown | 1 kg Brown | 500 g Brown |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | R | R | R | R | R | R | R | R | R |
| Walvis Bay F.o.r. | 7,57 | 7,79 | 7,92 | 8,12 | 8,34 | 7,39 | 7,63 | 7,95 | 8,18 |
| Lüderitz F.o.r. | 7,57 | 7,79 | 7,92 | 8,12 | 8,34 | 7,39 | 7,63 | 7,95 | 8,18 |
| Ex seller's store | 7,66 | 7,88 | 8,01 | 8,21 | 8,43 | 7,48 | 7,72 | 8,04 | 8,27 |

(b) When the total number of 25 kg quantities sold is less than 31 units or more than 249 units, the prices in subparagraph (a) shall be adjusted as follows:

Sales of less than thirty-one 25 kg units: 3c per

25 kg unit may be added;

Two hundred and fifty units or more: A discount of not less than 3c per 25 kg unit will be offered.

(c) When the sale is on a credit basis for a period between 7 days and 50 days, including 40-day and 50-day drafts, the cash prices in subparagraphs (a) and (b) may be increased by 9c per 25 kg unit; and when credit sales exceed 50 days, the foregoing cash prices may be increased by 10c per 25 kg unit.

(d) Eight cents per 25 kg unit may be added for deliveries ex seller's store at Walvis Bay and Lüderitz.

(e) When the sale is on the basis of ex seller's store at these ports and the sugar is railed on to the purchaser, the prices specified in paragraph 1(a), (b) and (c) are ex seller's store.

2. (a) Elsewhere in South West Africa the maximum prices for mill-packed white and brown sugar when the sale is on the basis of ex seller's store, shall be determined by adding an amount equivalent to 6,6 per cent of the landed cost to such cost. "Landed cost to Wholesalers" is calculated by adding to the port base price the lowest S.A. Railway charges which can be incurred from the port from which the sugar is obtained to the nearest railway station or siding to which it can be consigned, plus other transport charges as defined in the First Schedule. If the selling price per 25 kg unit includes a frection of a cent, it may if a half-cent or less be regarded as a half-cent and if more than a half cent as a cent.

If the SAR & H Administration does not provide a cartage service between the seller's store and the staion a further 8 cents per 25 kg unit may be added for the first 16 km or part thereof and thereafter 3 cents per 25 kg for every additional 16 km or part thereof when the sale is ex seller's store and the sugar is railed on to the purchaser.

(b) The port base prices to be used in the calculation of landed cost to wholesalers, as specified abovre, are as follows per 25 kg unit:

(b) Wanneer die totale aantal 25 kg hoeveelhede verkoop minder as 31 eenhede of meer as 249 eenhede is, moet die pryse in subparagraaf (a) soos volg aangepas word:

Verkope van minder as een-en-dertig 25 kg-eenhede:

3c per 25 kg mag bygevoeg word;

Twee-honderd-en-vyftig eenhede of meer: 'n Afslag van nie minder as 3c per 25 kg-eenheid nie.

(c) Wanneer die verkoop op 'n kredietbasis geskied, vir 'n periode van tussen sewe dae en 50 dae, insluitende 40-dae en 50-daewissels, mag die kontantpryse in subparagrawe (a) en (b) met 9c per 25 kg-eenheid verhoog word; en wanneer kredietverkope 50 dae oorskry, mag die voorafgaande kontantpryse met 10c per 25 kg-eenheid verhoog word.

(d) Agt sent per 25 kg-eenheid mag vir aflewering ex verkoper se magasyn te Walvisbaai en Lüderitz bygevoeg word.

(e) Wanneer die verkoop op basis van ex verkoper se magasyn geskied by hierdie hawens en suiker per spoor aan die koper gestuur word is die pryse voorgeskryf in paragraaf 1(a), (b) en (c) ex verkoper se magasyn.

2. (a) Elders in Suidwes-Afrika moet die maksimum pryse vir meulverpakte wit- en bruinsuiker, indien die verkoping op die basis van ex verkoper se magasyn geskied, bepaal word deur 'n bedrag gelykstaande met 6,6 persent van die gelewerde koste by sodanige koste te voeg. "Gelewerde koste vir Groothandelaars" word bereken deur by die toepaslike basispryse by die hawens die laagste SA spoorwegkoste wat vanaf die hawe waarvandaan die suiker verkry word na die naaste spoorwegstasie of -sylyn waarheen dit versend kan word by te tel plus ander vervoerkoste soos omskryf in die Eerste Bylae.

Indien die prys per 25 kg-eenheid 'n breuk van 'n sent insluit, mag dit, indien dit 'n halfsent of minder is, as 'n halfsent beskou word en indien dit meer as 'n halfsent is, as 'n sent.

Indien die Administrasie van die SAS & H nie 'n besteldiens tussen die verkoper se magasyn en die stasie verskaf nie mag 'n verdere 8 sent per 25 kg-eenheid vir die eerste 16 km of gedeelte daarvan en daarna 3 sent vir elke bykomende 16 km of gedeelte daarvan, bygevoeg word wanneer die verkoping ex verkoper se magasyn geskied en die suiker per spoor aan die koper gestuur word.

(b) Die basispryse by die hawens wat gebruik moet word vir die berekening van die gelewerde koste vir groothandelaars, soos hierbo omskryf, is soos volg per 25 kg-eenheid:

| | 25 kg wit geraf-fineerd | 12,5 kg wit geraf-fineerd | 2,5 kg wit geraf-fineerd | 1 kg wit geraf-fineerd | 500 g wit geraf-fineerd | 25 kg bruin | 12,5 kg bruin | 1 kg bruin | 500 g bruin |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | R | R | R | R | R | R | R | R | R |
| Luderitz en Walvisbaai | 7,100 | 7,300 | 7,450 | 7,600 | 7,800 | 6,925 | 7,150 | 7,450 | 7,675 |

| | 25 kg White Refined | 12,5 kg White Refined | 2,5 kg White Refined | 1 kg White Refined | 500 g White Refined | 25 kg Brown | 12,5 kg Brown | 1 kg Brown | 500 g Brown |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | R | R | R | R | R | R | R | R | R |
| Lüderitz and Walvis Bay | 7,100 | 7,300 | 7,450 | 7,600 | 7,800 | 6,925 | 7,150 | 7,450 | 7,675 |

(c) When the total number of 25 kg quantities sold is less than 31 units, or in excess of 249 units, then the prices determided in accordance with paragraph 2(a) and (b) shall be adjusted according to paragraph 1(b).

(d) When the sale is on a credit basis, the formula set out in paragraph 1(c) will apply to the prices determined in accordance with paragraph 2(a), (b) and (c).

(e) Delivery charges - 8 cents per 25 kg unit, may be added for deliveries up to 16 km from the seller's store. Thereafter, 3 cents per 25 kg unit may be charges for every additional 16 km or part thereof.

(c) Wanneer die totale aantal 25 kg-eenhede wat verkoop is minder as 31 eenhede of meer as 249 eenhede is dan moet die pryse berekenbaar ooreenkomstig paragrawe 2(a) en (b) volgens paragraaf 1(b) aangepas word.

(d) Wanneer die verkoop op 'n kredietbasis geskied dan moet die formule uiteengesit in paragraaf 1(c) op die pryse berekenbaar ooreenkomstig paragrawe 2(a), (b) en (c) toegepas word.

(e) Afleweringskoste - 8 sent mag per 25 kg-eenheid bygevoeg word vir aflewerings tot 16 km vanaf die verkoper se magasyn. Daarna mag 3 sent per 25 kg gehef word vir elke bykomende 16 km of gedeelte daarvan.

## THIRD SCHEDULE

THE MAXIMUM RETAIL PRICES OF SUGAR. (REFER TO PARA 5(A) OF THE FIRST SCHEDULE. EXCLUDING SPECIALITY SUGAR AS DEFINED IN PARA 3 (F) OF THE FIRST SCHEDULE.)

## DERDE BYLAE

MAKSIMUM KLEINHANDELSPRYSE VAN SUIKER. (VERWYS NA PARA 5(A) VAN DIE EERSTE BYLAE. UITGESONDERD SPESIALITEITSUIKER SOOS OMSKRYF IN PARA 3 (F) VAN DIE EERSTE BYLAE.)

| Railway Stations and Distances Spoorwegstasies en Afstande | TYPE OF SUGAR TIPE SUIKER | MILL-PACKED SUGAR MEULVERPAKTE SUIKER | | | PER BAG PER SAK | RETAILERS' PACKS KLEINHANDELAARS VERPAKKINGS | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | 1 kg | 2,5kg | 12,5 kg | 25 kg | 1 kg | 12,5 kg |
| | | c | c | R c | R c | c | R c |
| 1. At Lüderitz Te Lüderitz | White - Wit<br>Brown - Bruin | 36<br>35 | 87<br>- | 4,29<br>4,20 | 8,28<br>8,09 | 34<br>33 | 4,18<br>4,09 |

2. At all other railway stations and railway sidings as defined in the first schedule and within a distance of eight kilometers of such stations and sidings.

2. Op alle ander spoorwegstasies en -sylyne soos omskryf in die eerste bylae en binne 'n afstand van agt kilometer vanaf sodanige stasies en sylyne.

| | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 9 - 40 | White - Wit<br>Brown - Bruin | 36<br>36 | 89<br>- | 4,33<br>4,24 | 8,37<br>8,17 | 35<br>34 | 4,24<br>4,14 |
| 41 - 60 | White - Wit<br>Brown - Bruin | 36<br>36 | 89<br>- | 4,35<br>4,27 | 8,42<br>8,22 | 35<br>34 | 4,26<br>4,16 |
| 61 - 80 | White - Wit<br>Brown - Bruin | 37<br>36 | 89<br>- | 4,37<br>4,28 | 8,44<br>8,24 | 35<br>34 | 4,27<br>4,17 |
| 81 - 100 | White - Wit<br>Brown - Bruin | 37<br>36 | 90<br>- | 4,39<br>4,30 | 8,48<br>8,28 | 35<br>34 | 4,29<br>4,19 |
| 101 - 120 | White - Wit<br>Brown - Briin | 37<br>36 | 90<br>- | 4,40<br>4,32 | 8,51<br>8,31 | 35<br>34 | 4,31<br>4,21 |
| 121 - 140 | White - Wit<br>Brown - Bruin | 37<br>36 | 90<br>- | 4,42<br>4.33 | 8,54<br>8,34 | 35<br>34 | 4,32<br>4.22 |
| 141 - 160 | White - Wit<br>Brown - Bruin | 37<br>36 | 91<br>- | 4,44<br>4,35 | 8,58<br>8.38 | 35<br>35 | 4,34<br>4.24 |

Paragraph 2 (continued)

Paragraaf 2 (vervolg)

| Railway Stations and Distances<br>Spoorwegstasies en afstande | TYPE OF SUGAR<br>TIPE SUIKER | MILL-PACKED SUGAR<br>MEULVERPAKTE SUIKER | | | PER BAG<br>PER SAK | RETAILERS' PACKS<br>KLEINHANDELAARS-VERPAKKINGS | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | 1 kg | 2,5 kg | 12,5 kg | 25 kg | 1 kg | 12,5 kg |
| | | c | c | R c | R c | c | R c |
| 161 - 180 | White - Wit<br>Brown - Bruin | 37<br>37 | 91<br>- | 4,45<br>4,36 | 8,61<br>8,40 | 35<br>35 | 4,36<br>4,25 |
| 181 - 200 | White - Wit<br>Brown - Bruin | 37<br>37 | 91<br>- | 4,47<br>4,38 | 8,64<br>8,44 | 36<br>35 | 4,37<br>4,27 |
| 201 - 230 | White - Wit<br>Brown - Bruin | 38<br>37 | 92<br>- | 4,49<br>4,40 | 8,68<br>8,48 | 36<br>35 | 4,39<br>4,29 |
| 231 260 | White - Wit<br>Brown - Bruin | 38<br>37 | 92<br>- | 4,51<br>4,42 | 8,72<br>8,52 | 36<br>35 | 4,41<br>4,31 |
| 261 - 290 | White - Wit<br>Brown - Bruin | 38<br>37 | 93<br>- | 4,53<br>4,44 | 8,76<br>8,56 | 36<br>35 | 4,43<br>4,33 |
| 291 320 | White - Wit<br>Brown - Bruin | 38<br>37 | 93<br>- | 4,55<br>4,46 | 8,80<br>8,60 | 36<br>35 | 4,45<br>4,35 |
| 321 - 350 | White - Wit<br>Brown - Bruin | 38<br>37 | 93<br>- | 4,57<br>4,48 | 8,84<br>8,64 | 36<br>36 | 4,47<br>4,37 |
| 351 - 380 | White - Wit<br>Brown - Bruin | 38<br>38 | 94<br>- | 4,59<br>4.50 | 8,88<br>8,68 | 37<br>36 | 4,49<br>4,39 |
| 381 - 410 | White - Wit<br>Brown - Bruin | 38<br>38 | 94<br>- | 4,61<br>4,52 | 8,92<br>8,72 | 37<br>36 | 4,51<br>4,41 |
| 411 - 440 | White - Wit<br>Brown - Bruin | 39<br>38 | 94<br>- | 4,63<br>4,54 | 8,96<br>8,75 | 37<br>36 | 4,53<br>4,43 |
| 441 - 470 | White - Wit<br>Brown - Bruin | 39<br>38 | 95 | 4,65<br>4,56 | 8,99<br>8,79 | 37<br>36 | 4,55<br>4,45 |
| 471 - 500 | White - Wit<br>Brown - Bruin | 39<br>38 | 95 | 4,66<br>4,58 | 9,03<br>8,82 | 37<br>36 | 4,57<br>4,46 |
| 501 - 540 | White - Wit<br>Brown - Bruin | 39<br>38 | 96 | 4,68<br>4,60 | 9,07<br>8.86 | 37<br>36 | 4,59<br>4,48 |

**Paragraph 2 (continued)**

**Paragraaf 2 (vervolg)**

| Railway Stations and Distances Spoorwegstasies en Afstande | TYPE OF SUGAR TIPE SUIKER | MILL-PACKED SUGAR MEULVERPAKTE SUIKER | | | PER BAG PER SAK | RETAILERS' PACKS KLEINHANDELAARS-VERPAKKINGS | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | 1 kg | 2,5 kg | 12,5 kg | 25 kg | 1 kg | 12,5 kg |
| | | c | c | R c | R c | c | R c |
| 541 - 580 | White - Wit<br>Brown - Bruin | 39<br>39 | 96<br>- | 4,71<br>4,62 | 9,11<br>8,91 | 37<br>37 | 4,61<br>4,51 |
| 581 - 620 | White - Wit<br>Brown - Bruin | 39<br>39 | 97<br>- | 4,73<br>4,64 | 9,16<br>8,95 | 38<br>37 | 4,63<br>4,53 |
| 621 - 660 | White - Wit<br>Brown - Bruin | 40<br>39 | 97<br>- | 4,75<br>4,66 | 9,20<br>9,00 | 38<br>37 | 4,65<br>4,55 |
| 661 - 700 | White - Wit<br>Brown - Bruin | 40<br>39 | 97<br>- | 4,77<br>4,69 | 9,24<br>9,04 | 38<br>37 | 4,67<br>4,57 |

3. The maximum retail prices of mill-packs of white refined sugar and brown sugar containing 500 g shall be determined by calculating half of the price of a 1 kg millpack of the same type of sugar applicalbe at the place of sale plus a half-cent.

4. At any other place, allowances in respect of road transport costs as specified below, may be added to the prescribed maximum prices applicable at the nearest railway station or siding, as specified in paragraphs 1 and 2 of this Schedule:-

3. Die maksimum kleinhandelspryse van meulverpakkings wit geraffineerde suiker en bruinsuiker wat 500 g bevat moet bepaal word deur die helfte van die prys van 'n 1 kg meulverpakking van dieselfde tipe suiker van toepassing by die plek van verkoop te bereken plus 'n halfsent.

4. Op enige ander plek mag toelaes ten opsigte van padvervoerkoste, soos hieronder gespesifiseer, bygevoeg word by die voorgeskrewe maksimum pryse wat van toepassing is op die naaste spoorwegstasie of sylyn soos gespesifiseer in paragrawe 1 en 2 van hierdie Bylae:-

| Distance by road from nearest railway station or siding. | Maximum prices for White and Brown packages of sugar including both millpacks and reatil packs may be increased as follows:- | | | |
|---|---|---|---|---|
| | 1 kg | 2,5 kg | 12,5 kg | 25 kg |
| | c | c | c | c |
| More than 8 km but not exceeding 40 km | 1 | 1 | 6 | 11 |
| More than 40 km but not exceeding 80 km | 1 | 2 | 9 | 18 |
| More than 80 km but not exceeding 160 km | 2 | 3 | 14 | 28 |
| More than 160 km but not exceeding 320 km | 3 | 4 | 19 | 38 |
| More than 320 km | 3 | 6 | 30 | 50 |

| Afstande per pad vanaf naaste spoorwegstasie of -sylyn | Maksimum pryse vir verpakkings van Wit en Bruin suiker, (insluitende beide meulverpakkings en kleinhandelsverpakkings,) mag soos volg verhoog word:- | | | |
|---|---|---|---|---|
| | 1 kg | 2,5 kg | 12,5 kg | 25 kg |
| | c | c | c | c |
| Meer as 8 km maar hoogstens 40 km | 1 | 1 | 6 | 11 |
| Meer as 40 km maar hoogstens 80 km | 1 | 2 | 9 | 18 |
| Meer as 80 km maar hoogstens 160km | 2 | 3 | 14 | 28 |
| Meer as 160 km maar hoogstens 320 km | 3 | 4 | 19 | 38 |
| Meer as 320 km | 3 | 6 | 30 | 50 |

Printed and obtainable from
The Suidwes-Drukkery Beperk
P.O. Box 2196, Windhoek.
South West Africa.

Gedruk deur en verkrygbaar by
Die Suidwes-Drukkery Beperk,
Posbus 2196, Windhoek
Suidwes-Afrika